

23 April

Skrifgedeelte: Matteus 25:14-30
Fokusgedeelte: Matteus 25:29

Christus vra rekenskap

Rekening! Ja, daar wag vir elke gelowige 'n dag in die toekoms wanneer ons Here Jesus Christus van jou rekening gaan vra oor wat jy in jou lewe gedoen het met die gawes en geleenthede wat Hy vir jou gegee het.

Elke gelowige het beslis kosbare gawes van die Here ontvang – almal het verskillende gawes ontvang. Die een het die gawe ontvang om 'n onderwyser te word, die ander 'n prokureur, die ander 'n vakman. Nie een is hoër of laer, belangriker of onbelangriker as die ander in die Koninkryk van God nie. Dit is nie waarna Christus op die laaste dag gaan kyk wanneer Hy terugkom nie. Nee, die fokus val op: Wat het jy *gedoen* met die bekwaamhede wat die Here vir jou gegee het? Hoe het jy die gawes gebruik wat Hy vir jou gegee het tydens jou lewe hier op aarde? Het jy ywerig daarmee in God se wingerd gewoek? Of was jy lui? – en toe het jy dit maar gaan begrawe.

Die punt wat Jesus in die gelykenis wil maak, is baie duidelik: Jy, as sý kind, moet vandag – en elke dag! – jou hande uitsteek en tot sy eer met alle mag doen wat jou hand vind om te doen. Gebruik die gawes wat Hy vir jou gegee het ten volle! Koop die tyd uit! As jy die gawe ontvang het om 'n onderwyser te wees, wees vandag 'n goeie onderwyser ... doen jou werk met oorgawe, sit alles in wat jy het, die beste wat jy kan!

Christus verwag nie van jou om iets te doen wat jy nie kán nie, om gawes te gebruik wat jy nie het nie. Maar wat jy het, móét jy ten volle gebruik. Christus het vir jou sy heel beste gee: sy sondelose lewe aan die kruis.

Sing: Psalm 127-1:1, 2

Dr. AH (André) Grové (Emeritus)